



## BEGRIPSTOETS

DIE PIENK ROK VAN SY

LEERAFRIKAANS123  
info@leerafrikaans123.co.za

## Die pienk rok van sy

Mart Hamman is vandag agt jaar oud. Ouma gee vir haar 'n mooi pienk sy rok as geskenk. Mamma sê die rok is baie duur, want dis van sy. Sy sê sywurms het die sy vir die rok gespin. Mart weet nie of sy van 'n rok hou as die lap van 'n wurm kom nie! Sy wil eers mooi kyk hoe 'n sywurm lyk en hoe hy spin.

Sy gaan soek in die tuin. Gou-gou sien sy 'n lang, bruin wurm wat heen en weer swaai aan 'n halm. Dit lyk nie of hy kan spin nie! Nou sien Mart 'n mooi, groen wurm op 'n blaar aan 'n groot boom. "Wurm, is dit jy wat vir my 'n rok spin?" vra Mart. Die dom wurm vreet net aan die blaar en sê niks.

Haar pa se kar hou by die hek stil. Hy klim uit. In sy hand het hy boks. Mart hol na haar pa toe. "Hier, Mart. Hier is iets vir jou. Jy is mos nou agt!" Mart kan nie wag om die boks oop te maak nie. In die boks is tien wit en swart wurms. "Dis regte sywurms, Mart," sê pappa. "Voor in die tuin staan 'n moerbeiboom. Die sywurms eet moerbeiblaar. Dit is jou werk om die wurms te voer, hoor!"

Elke dag gee Mart haar wurms kos, en die wurms word gou dik en vet. Op 'n dag, toe sy weer in die boks kyk, sien sy dat een wurm nie vreet nie. Sy kop wieg heen en weer. "Ma!" gil sy, "my een wurm gaan dood!" Maar haar ma lag net.

"Nee man, hy gaan spin. Sit hom op karton, dan sal jy sien hoe hy dit doen." Die wurm spin vir Mart 'n mooi, goudgeel hart. Nou kan sy sien waar haar rok van sy vandaan kom. Die ander wurms los sy uit. Hulle spin in elke hoek van die boks 'n kokon. Na 'n lang ruk kom daar 'n mot uit elke kokon.

Elke mot lê 'n klomp eiers. Uit elke eier broei 'n wurm! Mart het nou 'n boks vol sywurms! Mart vat die wurms skool toe en verkoop dit vir tien sent elk. Sy is nou ook die rykste kind in die klas, want almal wil haar wurms koop.

En dit het alles begin met 'n pienk rok van sy.

**Beantwoord die volgende vrae in volsinne.**

1. Hoe oud is Mart?

---

---

---

---

---

2. Hoekom sê mamma die pienk rok is baie duur?

---

---

---

---

---

3. Wie het vir Mart die mooi pienk rok present gegee?

---

---

---

---

---

4. Kon Mart sywurms in hul tuin kry?

---

---

---

---

---

5. Hoeveel wurms het Mart in hul tuin gesien? Skryf ook hoe elkeen van hierdie wurms gelyk het?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

6. Wie het vir Mart sywurms present gegee?

---

---

---

---

---

---

7. Hoeveel sywurms het Mart present gekry? Skryf ook hoe 'n sywurm lyk?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

8. Wat moes Mart die sywurms voer?

---

---

---

---

---

9. Mart het een van haar wurms op 'n karton gesit toe die wurm begin spin het? Hoekom het sy dit gedoen en wat het die wurm toe vir haar gespin?

---

---

---

---

---

---

10. Wat het met die ander wurms gebeur?

---

---

---

---

---

---

11. Wat het na 'n lang ruk uit elkeen van hierdie kokonne gekom?

---

---

---

---

---

---

12. Wat het Mart met die ou end met al haar sywurms gedoen wat uit die eiertjies uitgebroei het?

---



---



---



---



---

13. Soek agt werkwoorde uit die storie en skryf dit neer:


### Kom ons leer so bietjie meer oor sywurms.

Een mot kan tot 650 eiers lê. Uit die eiers broei wurms. Die wurm hou op met eet voor hy begin spin. In die kokon verander die wurm in 'n papie. In die fabriek word die papie in 'n oond gebak. Die sy word van die kokon afgerol en geweef tot lap.

### 'n Gediggie

Boetie sê sywurms

kan vreet en vreet en vreet.

Sommige eet moerbeiblare

en ander eet weer beet.

Girts, girts klink dit heeldag lank.


Dit is die snaaksste klank.

Hul spin kokonne van sy.

Dit is so mooi vir my.

Uit die kokon kom 'n mot,

om eiers te lê is hul lot!



Kleur die prentjie mooi in.

